

# Verkleining met -etjie

**-etjie**

Voeg 'n -etjie by vir woorde wat eindig op 'n -m, -r, -l, of -n wat volg op 'n kort vokaal. Die konsonant verdubbel en voeg -etjie by.


| -m | -r | -l | -n |
|---|---|---|---|
| blommetjie | karretjie | balletjie | hennetjie |

Skryf die woorde in hulle verkleiningsvorm deur die reël te volg.

| Woord | Verkleining | Woord | Verkleining |
|---|---|---|---|
| blom | blommetjie | dam | dammetjie |
| stem | stemmetjie | ster | sterretjie |
| span | spannetjie | kol | kolletjie |



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Wat dink jy vra hulle vir mekaar?




Skryf 'n vraagsin vir elke prent.

Onthou, 'n vraagsin eindig met 'n vraagteken.

1 Wat speel jy? of Mag ek saam speel? Wat is die speletjie se naam? ens.

2 Waarheen gaan jy? of Wat is in jou tas? Is jou tas baie swaar? of Kan ek jou help dra? ens

3 Wat is jou naam? of Hoekom is jy hartseer? of Waar is jou ouers? ens.


(c) www.myklaskamer.co.za (2020)